education

Department of Education
FREE STATE PROVINCE

| Vraag 1 | Vraag 2 | Vraag 3 | Vraag 4 | TOTAAL |
|---|---|---|---|---|
| Leesbegrip | Visuele teks | Opsomming | Taalstruktuur en -konvensies | /40 |
| /15 | /10 | /5 | /10 | |

# GRAAD 5

# AFRIKAANS HUISTAAL

## KONTROLETOETS TAAK 5

## JUNIE 2025

## TYD: 1 UUR 30 MINUTE

## PUNTE: 40

Hierdie vraestel bestaan uit 11 bladsye.

| | |
|---|---|
| Naam en Van | |
| Klas | |

**INSTRUKSIES EN INLIGTING:**

1. Hierdie vraestel bestaan uit VIER AFDELINGS:
   - VRAAG 1: Leesbegrip (15 punte)
   - VRAAG 2: Visuele teks (10 punte)
   - VRAAG 3: Opsomming (5 punte)
   - VRAAG 4: Taalstrukture en -konvensies (10 punte)

2. Lees die instruksies deeglik.

3. Beantwoord AL die vrae.

4. Gee veral aandag aan spelling en sinskonstruksie.

5. Skryf netjies en leesbaar.

**VRAAG 1: LEESBEGRIP (15 Punte)**

Lees die inligtingsteks en beantwoord die vrae wat volg.

# Eekhorings



## Het jy geweet?

Het jy geweet dat eekhorings van die slimste klein diertjies in die natuur is? Hierdie wollerige akrobate kan tot ses meter ver spring en onthou duisende plekke waar hulle kos weggesteek het! Hierdie slim diertjies plant nuwe bome sonder om dit eens te besef want hulle vergeet omtrent 30% van die neute wat hulle begrawe het, in die grond. Die vergete neute ontkiem dan en groei tot nuwe bome!

## Nuus uit die kraamsaal...

Eekhorings is supervinnige ma's! Hulle bly net vir 45 dae swanger en dan word die babas gebore. Die kleintjies word sonder hare gebore en hulle oë is toe.



## Slim , slimmer, slimste

Hulle het 'n fantastiese reuksintuig waarmee hulle selfs kos onder die sneeu kan ruik! Party eekhorings is so slim dat hulle vals neut-wegsteek-seremonies hou om ander diere te flous wat hulle dalk dophou. In die "Ice Age"-films is Scratch, die snaakse prehistoriese eekhorinkie wat altyd agter daardie neut aan is, baie vasberade om dit te kry. Regte eekhorings is net so vasberade! Maar anders as Scratch, deel eekhorings eintlik hulle kos. Hulle kommunikeer met mekaar deur hulle sterte te waai en verskillende geluide te maak.

## Eetgewoontes

Eekhorings se tande hou nooit op met groei nie en daarom moet hulle gedurig knaag om hul tande kort te hou!

**Vrae**

1. Omkring die letter van die korrekte antwoord.

1.1 Waarom is eekhorings van die slimste diertjies in die natuur? (1)

A Eekhorings kan baie goed onthou waar hulle hul kos weggesteek het

B Eekhorings is ratse, wollerige diertjies

C Eekhorings kan baie goed boomklim

D Eekhorings kan baie ver spring

1.2 Hoe help die eekhorings om nuwe bome te plant? (1)

A Eekhorings steek hulle kos op duisende plekke in die bos weg

B 30% van die neute wat hulle begrawe het, groei tot bome

C Hulle werk in groepe saam om bome te plant

D Eekhorings is slim genoeg om bome te plant

1.3 Waarom kan ons sê eekhorings is supervinnige ma's? (1)

A Hulle is vir net 45 minute swanger

B Hulle is twee weke lank swanger

C Hulle is vir 45 jaar lank swanger

D Hulle is vir net 45 dae swanger

1.4 Hoe lyk die eekhoringbabas wanneer hulle gebore word? (1)

A Die babas lyk presies net soos volwasse eekhorings

B Die babas het hare op hul lyf en hulle oë is oop

C Die babas is sonder hare en hul oë is toe

D Die babas het hare en hul oë is toe

1.5 Hoe help eekhorings se goeie reuksintuig hulle? (1)

______________________________________________

1.6 Wat is die "vals neut-wegsteek-seremonies" waarvan die leestuk praat? (1)

______________________________________________

______________________________________________

1.7 Watter tipiese eienskap van Scratch (Ice Age) is waar van regte eekhorings? (1)

___________________________________________________________

1.8 Is die volgende stellings **Waar** of **Onwaar**. Merk (✓) die regte blokkie. Gee ‘n rede vir jou antwoord.

1.8.1 Eekhorings is baie selfsugtig wanneer hulle kos vind. (2)

| | | | |
|---|---|---|---|
| Waar | | Onwaar | |

___________________________________________________________

1.8.2 Eekhorings se tande groei net totdat hulle volwasse is. (2)

| | | | |
|---|---|---|---|
| Waar | | Onwaar | |

___________________________________________________________

1.9 Rangskik die vier sinne in die korrekte volgorde soos dit in die inligtingsteks verskyn het. Bepaal die regte volgorde en nommer die sinne van 1 tot 4 in die antwoordkolom. (2)

| | **Sinne** | **Antwoord** |
|---|---|---|
| a) | Eekhorings kan ses meter ver spring. | ________ |
| b) | Eekhorings kommunikeer deur hul sterte te waai en geluide te maak. | ________ |
| c) | Eekhorings hou neut-wegsteek-seremonies. | ________ |
| d) | Eekhorings knaag gedurig om hul tande kort te hou. | ________ |

1.10 Dink jy ons mense kan iets uit eekhorings se lewenswyse leer? Merk (✓) in die regte blokkie. Motiveer jou antwoord. (2)


| | | | |
|---|---|---|---|
| Ja | | Nee | |

___________________________________________________________

**[15]**

**VRAAG 2: VISUELE TEKS (10 Punte)**

Lees die tydskrif-voorblad en beantwoord die vrae daaroor.




**Vrae**

2. Omkring die letter van die korrekte antwoord.

2.1 Wat is die tydskrif se naam? (1)

A Red die Aarde

B Natuur Ninja's

C Luiaards

D Bonus

2.2 Watter bonus bied die tydskrif in hierdie uitgawe aan? (1)

A Opwindende dierevasvra-kaarte

B Die Ken en bewaar - bonus

C ‘n 2026 Kalender-plakkaat

D ‘n Red die aarde-bonus

2.3 Wat kan jy gratis kry wanneer jy die tydskrif koop? (1)

A ‘n Hele jaar se Natuur Ninja’s

B Uitgawe 123 van Junie 2025

C 2026 se Kalender-plakkaat

D Dierevasvra-kaarte

2.4 Wat beteken die woord “gratis” op die voorblad? (1)

A Iets is verniet.

B ‘n Soort gesondheidsdrankie.

C Iets wat oud is en reeds die vervaldatum bereik het.

D ‘n Vervelige maaltyd.

2.5 Hoeveel kos die tydskrif wanneer jy dit gaan koop? (1)

________________________________________________________

2.6 Wat bedoel hulle as hulle sê “Sneeu-uil bedreiging vir **eers op die ys gesit**”? (1)

________________________________________________________

2.7 Is die volgende stelling **Waar** of **Onwaar**. Merk (✓) die regte blokkie en gee ‘n rede vir jou antwoord. (2)

Die hoofartikel van die uitgawe gaan oor die sneeu-uil.

| | | | |
|---|---|---|---|
| Waar | | Onwaar | |

________________________________________________________

2.8 Sal jy graag hierdie tydskrif wil lees? Waarom of waarom nie? (2)

| Ja | | Nee | |
|---|---|---|---|

_______________________________________________

**[10]**

**VRAAG 3: OPSOMMING (5 Punte)**

Skryf ‘n opsomming van 50 – 60 woorde oor die prehistoriese diere van die Ys-tydperk.

**Prehistoriese diere van die Ys-tydperk**

Die Ys-tydperk, wat ongeveer 2.6 miljoen jaar gelede begin en ongeveer 11,700 jaar gelede geëindig het, was 'n koue periode in die Aarde se geskiedenis. Gedurende hierdie tyd het baie interessante diere geleef wat vandag nie meer bestaan nie.

Een van die bekendste was die wollerige mammoet; 'n reusagtige familielid van vandag se olifante. Hulle het lang, gekrulde ivoortande gehad en was bedek met dik, wollerige hare om hulle warm te hou in die ysige toestande. Die wollerige renoster was ook 'n algemene gesig, met sy dik vel en lang hare wat hom teen die koue beskerm het.

Nog 'n belangrike dier was die sabeltand-tier, wat maklik herkenbaar was aan sy groot, skerp tande wat soos messe uit sy mond gesteek het. Hierdie gevaarlike roofdier het op groot diere soos mammoete gejag.

Reuse-luiaards, baie groter as vandag se luiaards, het op die grond geloop en kon op hul agterpote staan om blare te eet. Die Ys-tydperk het ook die reusagtige grond-luiaard opgelewer, wat so groot soos 'n olifant kon word!

In Noord-Amerika kon jy dalk 'n gliptodon raakloop, wat amper soos 'n groot skilpad gelyk het met 'n gepantserde dop, of 'n grootwolf, wat groter en sterker as vandag se wolwe was. In die ysige waters het seekoeie geswem, terwyl reuse-bewers damme gebou het.

Hierdie ongelooflike diere het almal aangepas om in die koue klimaat te oorleef, maar kon uiteindelik nie die veranderende toestande aan die einde van die Ys-tydperk oorleef nie.

**<u>Prehistoriese diere van die Ys-tydperk</u>**

- _______________________________________________
  _______________________________________________
- _______________________________________________
  _______________________________________________
- _______________________________________________
  _______________________________________________

- ______________________________________________________________________

  ______________________________________________________________________
- ______________________________________________________________________

**Aantal woorde: ________**

| **Rubriek vir die nasien van 'n opsomming** | | | |
|---|---|---|---|
| **Kriteria** | **3 punte** | **2 punte** | **1 punt** |
| **Inligting** | Belangrike inligting is ingesluit. (4 of 5 hoofpunte) | Sommige inligting ontbreek. (3 of 2 hoofpunte) | Slegs 1 hoofpunt. |
| **Bewoording, spelling, taalstuktuur en -konvensie** | **2 punte** | **1 punte** | **0 punte** |
| | Gebruik eie woorde om opsomming te skryf. 1 – 3 spel-, taalstruktuur- en konvensiefoute kom voor. | Gebruik soms direkte aanhalings in opsomming. 4 – 5 spel-, taalstruktuur- en konvensiefoute kom voor. | Skryf sinne net so uit die teks neer. 6 of meer spel-, taalstruktuur- en konvensiefoute kom voor. |

**[5]**

## VRAAG 4: TAALSTRUKTURE EN KONVENSIES (10 Punte)

Lees die volgende limeriek om die taalvrae te beantwoord.

**Neut-plant-seremonie**

Die eekhoring hou alles haarfyn met sy swart ogies dop.
Hy sien hoe Hasie na sy kant toe hop.
Hy loer oor die klip
voor hy weer verder wip
Met 'n kullery plant hy in 'n japtrap 'n neut om die hasie te fop.



**Vrae**

4.1 Skryf die onderstreepte **hulpwerkwoord** en die **hoofwerkwoord** in die sin op die regte plek neer. (2)

Die hasie **wil** die eekhoring se kos **steel**.

4.1.1 Hulpwerkwoord: ________________________

4.1.2 Hoofwerkwoord: ________________________

4.2 Onderstreep die regte antwoord. Die onderstreepte woord in die sin: (1)

Die eekhoring hou alles haarfyn met sy **swart** ogies dop, is 'n...

(voornaamwoord / byvoeglike naamwoord / werkwoord)

4.3 Skryf die **abstrakte selfstandige naamwoord** in die volgende sin neer. (1)

Met 'n kullery plant hy 'n neut om die hasie te fop.

______________________________

4.4 Skryf die volgende sin in die **verlede tyd** en in die **toekomende tyd.**

Die eekhoring loer oor die klip.

4.4.1 Verlede tyd: (1)

__________________________________________________________________

4.4.2 Toekomende tyd: (1)

__________________________________________________________________

4.5 Kies die regte antwoord.

4.5.1 Die uitdrukking **"in 'n japtrap"** beteken... (1)

A ... dat hy met sy voete trap terwyl hy die neut plant.

B ... dat hy op die hasie trap terwyl hy die neut plant.

C ... dat hy iets in 'n klein rukkie voltooi.

D ... dat hy in 'n doring trap.

4.5.2 Die halfrym in "**h**y sien **h**oe **H**asie na sy kant toe hop" is 'n voorbeeld van... (1)

A klanknabootsing

B assonansie

C vergelyking

D alliterasie

4.6 Skryf die volgende direkte rede sin in die **indirekte rede.** (1)

“Ek gaan vir Hasie fop,” sê Eekhoring.

______________________________________________________________

4.7 Skryf die volgende sin oor met die regte leestekens en hoofletters. (1)

die eekhoring plant ‘n neut om hasie te fop

______________________________________________________________

**[10]**

**TOTAAL: [50]**